Ges. 2: 2,3
" 120: 1,2
" 122: 3, 4.

# Die Drie Kruise

(Hackeudyk) ~~Joh. 19:17~~
① Jes. 53: 1-12
② Luk. 23: 33-43

Potch. K. 27/3/55
Auk. 5.3.61.

Joh. 19: 18 – Waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, en Jesus in die middel.

„Kom saam, kom saam, daar word 'n man gekruisig, daar is iets moois te sien op Golgotha!" So het Multatuli, die godloënaar, in een van sy geskrifte uitgeroep in spot en hoon. Ook ons wil dit uitroep, maar in ander gees en verwagting: „Kom saam, kom rig julle oë op Golgotha – daar word 3 mense gekruisig".

Op die kruin van Golgotha staan daar vanmôre 3 kruise, hang daar 3 veroordeeldes. Wie is die veroordeeldes? En waarvoor hang hulle daar? By elkeen van hierdie kruise wil ons b/m. stilstaan en nadink. Van elkeen wil ons leer en sien:

I Die eerste kruis 'n kruis van versoening
II Die tweede " " " verskrikking
III " derde " " " " verlossing.

Die eerste kruis roep ons toe: Hy wat hier hang is die Middelaar, daarom hang Hy in d. middel. Hy skei die moordenaars, Hy skei d. mensheid, Hy skei ons in twee klasse, twee dele

Die tweede kruis roep ons toe: „Hy wat hier hang – kyk hoe naby aan Xtus kan 'n sondaar wees en tog verlore gaan!"

Die derde kruis roep ons toe: „Hy wat hier hang – kyk hoe naby aan d. hel kan 'n sondaar wees en tog gered word"

I Die kruis van versoening: Die kruis het in die middel gestaan, vermoedelik effens groter as die ander omdat almal moes sien dat dit d. kruis v.d. grootste misdadiger was (Barabbas). Dit was d. koninklike kruis, waarop Pilatus laat skryf het: „DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE" Dis nie per toeval dat die kruis daar staan nie – dis v.d. grootste betekenis vir d. hele mensdom want afdeur word d. kruis d. sentrum, d. middpt. v. Golgotha! „Jesus in die middel":

① „Jesus in die middel – tussen hemel en aarde" Die kruisdood was d. mees veragtelike dood wat daar te bedink was. Die hang v.d. kruiseling tussen hemel en aarde was 'n skrikwekkende, afskuwelike simbool v.d. gedagte dat hy uitgewerp is deur d. aarde en uitgestoot is deur d. hemel omdat hy vir albei te sleg was – daarom gehang tussen hemel & aarde.

Wel, so het Jesus gehang. Niemand wou Hom hê nie – nie sy volk nie, nie d. heidene nie. Hy was besag en deur die mense verlaat, Hy was besag en ons het Hom nie geag nie". Die wêreld wil Hom nie hê nie.

Mr. die hemel – dié sal Hom tog aanneem, verwelkom? O nee, ook d. hemel wys Hom af. Die aarde verstoot Hom omdat Hy te sleg is; d. hemel omdat Hy te onrein is. Want ons sondes het Hy op Hom geneem en deur sonde geword vir ons. Daarom hang Hy daar – in d. middel – die Man sonder troste, sonder vaderland, sonder Vaderhuis! Deur Hom 'n verlore wêreld, So Hom 'n vertoornde God – en die twee moet Hy versoen!

(2) „Jesus ifd middel – tussen sonde en genade: kyk na die 2 moordenaars: albei moordenaars, albei verlore. Normaalweg sou hulle lewens op dies. plek ge-eindig het sonder enige verskil: Maar nou kom Jesus tussenin – in d. middel. En dit verander alles: Die een bespot Hom – die ander aanbid Hom; die een belag Hom as d. valse Messias – die ander erken Hom in sy koninklike heerlikheid; vir d. een bly d. kruis 'n steen des aanstoots waarop hy skipbreuk ly – vir d. ander word dit 'n rots v heil waaraan hy vasklem en geskeid word Jesus word 'n wolkkolom wat uitskeif tussen Egipte & Israel – aan d. een kant donker nag – a.d. ander kant d. ligtende lewe!

(3) Jesus ifd middel – tussen wet & Evangelie:

(4) Jesus ifd middel – by d. skepping sowel as d. voleinding! A Ja, dat was sy plek v alle ewighede deur God so beskik en bestem: Hy was d. middelpunt v.d. heelal – vandat d. aarde geskape is en d. mens geskep is (Joh. 1:1) Neem d. miljoene mense v.d. aardbol en d. groot heelal bly voortbestaan. Neem Xt. weg & alles versink in die niet! Dis sy plek – ifd heelal, ifd wetenskappy, in alle menslike lewe: d. middel – of ons Hom nou daar wil hê of nie!

B – Net so waar v.d. voleinding – dan sal Hy ook ifd middel staan: om te oordeel & af te skei. Twee sal by een meul wees – d. een sal aangeneem & d. ander sal verwerp word. (Matt. 25) En dd. dag d. kruis ifd middel staan – net 2 kante: „voor of teen" – g'n derde weg! Het u al gekies?

→ Goddank omdat d. kruis ifd middel gestaan het, daarom:

(1) Jesus ifd midde v. sy kinders
(2) " " " " " gemeente (Openb.: Kandelare)
(3) " " " " v d. troon v God!

II 'n Kruis van Verskikking: Kom ons kyk nou na die tweede kruis – die a.d. linkerkant. Albei hd. kruiselinge ly en sterf saam met Xtus: albei was oortreders, verlorenes, albei voor d. poorte v.d. dood, albei ewe naby aan d. hel. Maar tot albei is Xtus se hande in liefde uitgestrek, op albei het sy oë bewoë in liefde gerus. Albei naby Xtus – naby d. ewigheid – naby d. hel. En tog in d. laaste ure word d. een gered uit d. kloue v Satan, word d. ander gevoer na d. poorte v.d. verderf. Waarom?

Nêrens in d. groot heelal, ifd hele gesk. v.d. wêreld het sulke twee strydende magte (duisternis & lig, dood & lewe, hel en hemel, Satan en Christus) in so 'n noue aanraking gekom as hier op Golgotha. Die stryd tussen goed en kwaad, tussen God & d. Bose word hier tot sy felste toppunt gevoer. Aldaar sluk Satan v.d. sy van Xtus 'n sondaar weg na d. verderf – Aldaar trek Xtus van hier 'n sondaar op na d. hemel – d. eersteling van sy versoeningsdood.

Het u al daaraan gedink:

(1) As albei kruiselinge onder d. mag v Satan verval het sou ons tereg kon sê: „Die versoeningsdood van Xtus beteken vir ons niks nie".

(2) As albei kruiselinge deur Xtus behou is sou ons in roekeloosheid kon juig: „Satan se mag is so volkome gebreek dat hy niemand meer kan verlei"

Mr. nou vra u: Kan hd. moordenaar dan hoop dat sy skuld so groot was? Antw: Nie sy skuld, mr sy onbekeerlikheid is d. oorsaak dat hy – so naby aan Xtus – tog verlore gaan!

→ O watter ernstige gedagte: Wat naas d. kerk, naas d. Bybel, saam met Xtus, naas d. Saligmaker – en tog verlore!

III ~~B~~ Die Kruis van Verlossing: Ons laaste Kruis – dié een regs van Jesus.

Temidde van al d. gevloek, al d. gespot, al d. lastering is daar tog een wat van Xtus getuig. Is dit d. moedige Petrus? Die minsame Johannes? Die liefhebbende Maria? Die vriendelyke Nikodemus? Nie!

Dan tog seker 'n engel uit d. hemel? Nee – g'neen van hd. nie want selfs d. hemel verberg sy aangesig vir hd. uur v.d. Seun v God.

Ja, daar is tog een wat op Golgotha vir Xtus [illegible] – d. moordenaar aan sy regtersy. Hoor wat sê Hy: „Vrees jy ook God nie terwyl jy in dieselfde oordeel is? – ons tog regverdiglik, want ons ontvang d. verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. En hy sê: Dink aan my, Here, wanneer U in U Koninkryk kom."

En in hd. laaste woorde sê hd. moordenaar alles wat nodig is om uit d. dood oor te gaan na d. lewe. Want voordat d. Heiland se lippe verstyf i/d dood, roep Hy hom d. ~~genadige~~ Verlossende genadewoord toe: „Voorwaar, voorwaar, ... paradys wees" En as d. moordenaar d. laaste asem uitblaas vang Jesus hom in op d. drumpel v.d. paradys – v lei hom as d. eersteling d. hemelpoort binne!

→ Wat sê d. Kruis ons nie alles?

① Vir d. grootste misdadigers, d. mees roekelose moordenaars, d. wreedste diewe v rowers, hoereerders en die diepsgevallenes verlossing kan vind net soos enig iemand anders. Een en almal welkom by d. Heiland

②